Laerskool Robertson Primary

Die Swaeltjie

22 AUGUSTUS 2025 | UITGAWE 24

'n Week van Gees, Pret en Sport!

ONS TALENTVOLLE CHEERLEADING-GROEP SKITTER BY DIE "BIG BRAG"

Ons "cheerleaders" het die gees laat kook tydens gister se Big Brag, waar die eerste spanne in hokkie, netbal en rugby bekendgestel is.
Die spanne het met glimlagte op die verhoog geloop.

Meer foto's van die Geesweek op bl. 5!

Naskoolse Aktiwiteite

- Gimnastiek + Karate + Hokkie - Maandae
- Drama + Netbal + Rugby - Dinsdae
- Hokkie - Woensdae
- Netbal + Rugby - Donderdae
- Robotika - Mnr. Eloff gee tye deur.

Belangrike Datums

A U G U S T U S

Maandag 25

Interhuis Hokkie: 14:30-15:50 (o/13)
15:00-16:00 (o/10 & o/11)

Dinsdag 26

Interhuis Rugby: 14:30-15:30 (o/11 & o/13)
Interhuis Netbal: 14:30-15:30 (Almal)

Woensdag 27

Sportoefeninge eindig

Donderdag 28

Vrydag 29

Spogleerder Civvies
Koor werkswinkel 2

Saterdag 30

Netbal

VERGESIG PRIMÊR – 14 AUGUSTUS 2025 (@LAERSKOOL ROBERTSON)

SPAN	UITSLAG	TEEN	TELLING	SPELER
o/10A	WEN	Vergesig	5-3	Amy Siljeur
o/11A	WEN	Vergesig	14-0	Lika Rabie
o/12A	WEN	Vergesig	11-2	Tatum Joseph & Suné Viljoen
o/13A	WEN	Vergesig	42-4	Caro de Wet

-Juf. A. Cordier

Hokkie

HOKKIE VS LAERSKOOL DIRKIE UYS

o/13A dogters Wen 3 - 0 Speler van die Wedtryd: Mari Colyn
o/13A seuns gelykop 0 - 0 Speler van die Wedstryd: Hannes van Tonder

-Juf. V. Koortzen

Rugby

ONS O/11 EN O/13A EN B RUGBYSPANNE HET OP DONDERDAG, 14 AUGUSTUS 2025 TEEN VERGESIG PRIMÊR GESPEEL. DIE UITSLAE IS AS VOLG:

o/11A:
Wen 45 - 7
Speler van die wedstryd: Luan Stemmet
o/11B:
Verloor 0 - 12
Speler van die wedstryd: Philip Rabie
o/13A:
Wen 22 - 19
Spelers van die wedstryd: Tyler Siljeur en Jaco de Wet
o/13B:
Wen 29 - 0
Speler van die wedstryd: Jaco van der Walt

-Mnr. H. de Jongh



Robbies blink uit by Montagu Eisteddfod

ONS ROBBIES-DANSGROEPE HET UITMUNTENDE PRESTASIES BEHAAL BY DIE MONTAGU EISTEDDFOD! MET PUNTE VAN 92% IN CONTEMPORARY-GROEPDANS, 90% IN MODERN JAZZ-GROEPDANS, EN 89% IN MODERN-GROEPDANS, HET ONS LEERDERS MET HUL TALENT EN SAMEWERKING GLANS GEBRING.



Baie geluk julle!

2025

'n Week vol Gees en Skooltrots!

ONS LEERDERS HET MET GROOT ENTOESIASME AAN GEESWEEK DEELGENEEM — VAN KREATIEWE KOSTUUMS TOT SPORT IN CERES. 'N ONVERGEETLIKE WEEK WAT ONS EENHEID VERSTERK HET!

ROLA

Robbies

Braai Beter met Robbies Wors!

happy SHOPPING

BESKIKBAAR BY ROBERTSON SUPERSPAR

R119,99/kg

Perfek vir die braai, gesinsetes of 'n naweek-bederf!

Slegs R119,99 per kg - sappig, smaakvol en gemaak volgens ons skool se eie spesiale resep.

VIR MEER INLIGTING
KONTAK DIE KANTOOR
KAARTJIES BESKIKBAAR VANAF 09 JUNIE 2025

KRONING VAN LENTESKOUKONINGIN

HEERLIKE ETE

HOËRSKOOL ROBERTSON
BIED AAN ONS EERSTE

DANSFEES

IN SAMEWERKING MET ROBERTSON LENTESKOU

KOM DANS EN KUIER IN ONS PRAGTIGE MATRIEKAFSKEIDSAAL

VRYDAG
3 OKTOBER 2025
HOËRSKOOL ROBERTSON
SKOOLSAAL
R350 PP
SMART CASUAL
18:30 VIR 19:00
GEEN
ONDER 18'S

DONASIEKROEG

MUSIEK & DANS

BEPERKTE PLEKKE BESKIKBAAR
TE KOOP BY
LENTESKOUKANTOOR 023 626 2512
HOËRSKOOL ROBERTSON 023 626 3159

ROSETTE te koop

Robbies

R20

Beperkte aantal by die kantoor beskikbaar!

HOËRSKOOL ROBERTSON Robbies

Interskole

Die **ROBBIES** wens die groot **ROBBE** sterkte toe met die naweek se wedstryde!

GOOD LUCK!!!

Ontmoet vir juffrou

ANNAMART STEENKAMP

Vinnige feite oor my:
Warm drankie - Cuppachino
Seisoen - Somer
Kleur - Lilac pers
Sjokolade - KitKat
Stokperdjie - Fietsry
Gunsteling vak - Wisk en NWT

Voltooi volgende sinne:
Ek sal nooit... bungy jump nie!
Iets wat ek baie sê... Ooh jinne!
Ek verjaar... 7 Maart

Wanneer is juffrou op juffrou se gelukkigste ?
Tussen my familie en vriende en by my handjie, Theunsie.

My guilty pleasure is..
Om blokkiesraaisels in te vul.

My lewens Moto is...
Dit wat die naaste lê, moet die swaarste weeg.

Deur Stephne Gelderblom

ROLA

Robbies

Wat sê die onnies??

Deur Lia-Marí Perold

Mnr. Venter:
As iemand in my parkeerplek stop.
Ek is nie 'n oggend mens nie. Ek hou van roetine. As ek by die skool kom en iemand se kar is op my plek, gaan die res van die dag nie lekker wees nie.

Juf. Koortzen:
Om eerlik te wees sal nie enige van die drie my pla nie. Dis aardse dinge en mens kan maklik net op ń ander plek parkeer, 'n ander koppie vat of ń nuwe gesprek voer.

Juf. Steenkamp:
As iemand my koffiebeker gebruik - dit versprei kieme!

Juf. Cordier:
PARKEERPLEK! Nie juis parkeerplek nie, maar parkering...
Om naby aan die skool te woon het sy voordele en nadele. Een van die grootste nadele: die parkering in Eben Dongeslaan is beperk! Dit is groot frustrasie wanneer mense voor die koshuis se hek stop om iemand op te tel. Of nog erger, op die sypadjie stop, maar so sleg stop dat mens nie eers kan indraai nie.
Wanneer iemand inry by die koshuis vir naby parkering en aan die einde van die dag besef hulle kan nie in of uit nie. Dit is verstommend hoeveel mense eenvoudig staan en skree of op die toeter lê todat iemand die hek oopmaak.

Mnr. Tredoux:
Iemand sit op jou stoel in die personeelkamer. Ons personeelkamer is baie vol. Ek hou nie daarvan om plek te soek tussen mense nie – dit laat my bietjie verleë voel.

Mnr. Wessels:
Ek sal nie daarvan hou as iemand op my plek parkeer nie!

LAERSKOOL ROBERTSON GHOLFDAG

SAVE THE DATE

13 SEPTEMBER 2025

ROBERTSON GHOLFKLUB

BORG 'N BOF	R1200
4-BAL	R2500
BORG 'N BOF & 4-BAL	R3500
	4-BALL ALLIANCE

RIËTTE PEROLD VIR INSKRYWINGSVORMS
073 606 7682 / 023 626 3060
ADMIN@LSROBBIES.CO.ZA
DIE PRO-SHOP VIR DIE BESPREKING
VAN KARRETJIES 023 626 1090

HomeFires

ROLA Ford Robertson

SAVE THE DATE

VAKANTE POS 2025–2026

Atletiekafrigter

Laerskool Robertson is 'n waardegedrewe dubbelmedium skool in Robertson, Kaapse Wynlandstreek, vanaf gr. 4 tot gr. 7.

Pos: Atletiekafrigter – Algemene Kondisionering van Atlete
Duur: 6 maande

Pligte en verantwoordelikhede:

- Ontwerp en implementeer kondisioneringsprogramme vir atlete van verskillende ouderdomsgroepe.
- Fokus op die ontwikkeling van basiese atletiekvaardighede, krag, spoed, uithouvermoë en beweeglikheid.
- Beplan en fasiliteer weeklikse oefensessies wat geskik is vir verskillende vaardigheidsvlakke.
- Monitor en evalueer atlete se vordering en gee terugvoering aan relevante personeel.
- Werk saam met ander afrigters en personeel om 'n gebalanseerde en veilige oefenomgewing te verseker.
- Bevorder sportmangees, dissipline en deelname onder leerders.

Vereistes:

- Ervaring in atletiekafrigting of algemene sportkondisionering (skoolvlak of hoër).
- Goeie kommunikasie- en motiveringsvaardighede.
- Betroubaar, energiek en 'n liefde vir die ontwikkeling van jong atlete.
- Verkieslik 'n relevante kwalifikasie of afrigtingsertifikaat.
- 'n Geldige polisievrywaringsertifikaat.

Vergoeding : Mededingende pakket

Belangstellendes kan hul volledige CV's stuur aan **skoolhoof@lsrobbies.co.za** voor of op Vrydag, 29 Augustus 2025 om 12:00. 'n Proses van sifting sal gevolg word en kandidate wat kwalifiseer sal vir onderhoud genooi word.

Aansoek sluit : 29 Augustus 2025

Aanvangsdatum: 1 Oktober 2025

Vir verdere navrae oor die vakature, kontak 023 626 3060

ROBBIES *Rig ons oë op Hom * Opportunities ahead * Behou ons waardes * Believe in yourself * Engaged learning * Skool met trots

Lynette Beer
Unleash Your Potential

LEWE 'N LEWE IN VOLKLEUR

PLEK:
Beuld The Venue,
Robertson, Wes-Kaap

TYD: 18:30 vir 19:00

PRYS: R300 p/p

KLEREDRAGKODE:
Netjies

KONTAK:
Robertson Voorbereidingskoel
023 626 3139

11 September 2025

Ete Ingesluit
Kontantkroeg Beskikbaar

www.lynettebeer.co.za

ROBERTSON MOEDERGEMEENTE

SAVE THE DATE

Ouderleiding Johan Smith

SONDAG 14 SEPTEMBER
@ 11:00 (NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS)
MOEDERKERK

Johan nooi alle ouers van alle ouderdom kinders om bemagtig te word om hul kinders ten beste te lei, bemagtig en groot te maak.

ROLA

Robbies

HAPPY BIRTHDAY

Augustus!

1 Chelsea Slamat
2
3 Chloé Goliath
4
5 Hayden-Lee Vd Merwe
6 Juf. M. Nel
7 Marli Botha, Evah Matthys, Natalie Marthinus
8 Jolaine Loyd
9 Zayd Adendorph
10
11
12 Ighawe Nxele, André Hayman
13 Jesse-Ann Curtis, Rynhardt Van Deventer
14 Raeeq Karriem, Lillian Mouton, Albert Roux
15 Gideon Viljoen, Anna Smit, Willow Hop
16 Johany Van Tonder
17
18
19 Janelle Oosthuizen
20 Human Marais, Robinho Do Espirito Santo
21 Ryan Hammond, Stephne Gelderblom
22
23
24
25
26 Lee-roy Musindo
27
28
29 Mieke de Villiers
30 Juf. V. Kritzinger
31 Paul-Henry Brink

LAERSKOOL ROBERTSON PRIMARY
TEL: 023-626 3060 EPOS: skoolhoof@lsrobbies.co.za